



UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education
Advanced Subsidiary Level and Advanced Level



AFRIKAANS

8779/04
9679/04

Paper 4 Texts

Specimen

2 hours 30 minutes

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

READ THESE INSTRUCTIONS FIRST

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer any **three** questions, each on a different text. You must choose one question from Section 1, one from Section 2 and one other.
Write your answers in **Afrikaans**.
Dictionaries are **not** permitted.
You should write between 500 and 600 words for each answer.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
All questions in this paper carry equal marks.

This document consists of **5** printed pages.



Section 1

1 *Na die geliefde land, Karel Schoeman*

Of:

(a) Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

“Dit was net ’n paar maande later toe oorval die polisie dit eendag. Daar het drie van ons mense daar geskuil, en hulle het baie ammunisie by hulle gehad, weggesteek in die kelder. Hulle wou hulle nie oorgee nie, maar die huis is omsingel. Hulle het ’n paar uur uitgehou, en uiteindelik is al drie doodgeskiet, in die kombuis. Dit was ’n groot kamer met ’n sementvloer, en hulle bloed het oor die vloer geloop tot in die gang. Die mense het lank gepraat oor die bloed wat oor die vloer kruip, hulle het dit nou nog nie vergeet nie. Fanie het ’n gedig daarvoor geskryf.” Sy glimlag effens, en skud haar kop. “Hulle was nog jonk gewees, drie jong mans soos Gerhard-hulle. En hulle is daar doodgeskiet op die kombuisvloer.”

Hy sê niks nie. “Maar jy stel ook nie belang dáárin nie, nè?” vra sy. “Al wat jou interesseer, is die huis waarin jou grootouers gebly het, jou ma, jou mense, toe hulle nog die hele wêreld besit en regeer het, die aarde en al die sterre. Maar hy’s uitmekaar geskiet, daar het nie eers twee klippe op mekaar bly staan nie. Die soldate het met dinamiet gekom en die hele huis opgeblaas, hulle’t die dam opgeblaas, die tuin is omgeploeg. Dis nou verby, verstaan jy?” Haar stem is heftig, byna honend.

“Ek weet dat dit verby is,” sê hy. “Maar dit het tog iets beteken, dit het tog sin.”

“Daardie drie seuns se lewens het ook iets beteken, hulle dood het ook sin gehad, maar wat kan ons daarmee doen? Ons moet verder lewe.”

(i) Dink jy dat die mense se herinneringe aan die skietery die werklike situasie van die drie jong mans se dood sou reflekteer? Ondersteun jou antwoord met verwysing na die teks.

(ii) Bespreek Carla en Fanie se houdings teenoor die verlede in *Na die geliefde land*.

Of:

(b) Bespreek die tema van ‘plig’ in die verhaal met verwysing na die ouer en jonger generasies van die karakters, insluitend George.

2 *Toorberg, Etienne van Heerden*

Of:

- (a) Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

(...) En Kaatjie Danster weet Shala Riet is haar mooiste seun, met sy trotse woede teen die Moolmans, sy kaal lyf, sy hande wat kan breek of regmaak en sy onvrugbare lende wat hy kry van die vlek oor sy linkeroor – die teken van die onvrugbares in die Moolmanstam. Maar sy bloed is goed; dis die bloed van sy pa, Andries, en sy ouma, Kitty Riet, en Kitty se sterk voorgeslagte wat terugloop tot by die sendeling James Read, by wie hulle hul van gekry het, en verder terug, deur dié heilige man se are tot in die mistige wêreld oorkant die see.

Maar dat hierdie dinge nie vir Shala en haar ander seun, die slim Oneday, belangrik is nie, begryp sy ook – hulle is kinders van vandag en môre, nie gister nie. Dié ook dat hy, toe hulle die vorige aand praat oor die boormasjien wat so lank reeds oral gate trek en niks vind nie en sy die storie van *Toorberg* vertel, so vies geraak het. Maar Oneday se kleingoed, wat nou in bondeltjies op die voorhuisvloer lê en hul laatopbly uitslaap, het geluister.

Die storie van die water, het Kaatjie Danster hulle vertel, is die storie van die Moolmans. Die Oog hoog bo *Toorberg*, wat nou opgedroog het, is deur StamAbel ontdek toe hy hier deurgetrek het met sy hings, sy pakperd, die agterryer Jan Swaat en sy spoorsnyer, HansBoesman, vas aan sy stiebeuel met 'n leiriem. Hulle sê HansBoesman het vier dae suid reeds die water geruik, toe hulle tagtig myl ver was, en hy't vir StamAbel gelei, die nek oor, die vleie deur, *Toorberg* se kranse op tot waar die soet, helder water uit die sewe klipgleuwe van die fontein spu.

- (i) 'Die storie van water,' het Kaatjie Danster hulle vertel, 'is ook die storie van die Moolmans.' Op watter maniere word die belangrike verhouding tussen die Moolmans en water, vanaf die besetting van *Toorberg* tot en met die dood van Noag du Pisani, uitgebeeld?

- (ii) Aan die einde van die boek sê die Magistraat aan Ella Moolman: 'Vergifnis, miskien, is die helderste water; nie die kil, gerigte stroom van 'n uitspraak of vonnis nie.' Sou jy met hierdie stelling saamstem? Verduidelik jou standpunt met verwysing na die roman.

Of:

- (b) Bespreek die tema van 'skuld' in *Toorberg*. Verwys in jou antwoord na die volgende karakters: StamAbel Moolman, Abel Moolman en die Magistraat.

3 *Vatmaar*, A. H. M. Scholtz

Of:

(a) Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Ek het nie 'n enkele pennie op my nie, Mineer Jones, antwoord Johnny. Ek sal Mineer betaal wanneer ons in *Vatmaar* kom.

Nee, nooit nie. Ek vertrou jou nie. Ek sal dit een sjieling maak of anders gebruik ek my sweep – eers op jou en dan op die perd. En waar is die geld waarvoor jy daai goue trouring verkoop het wat jy sê jy opgetel het?

Dit was nie ek nie, Mineer Jones maak 'n fout. Mineer Jones is 'n grootman, en ek is jonk genoeg om Mineer se kind te wees.

Johnny wiet nie wie my trouring gasteel het nie, Minee' Jones, praat Mevrou September vir die eerste keer. Ék weet wie ons trouring gasteel het, maa' die magistraat het haa' laat loep want hulle dink sy is wit. Minee' Jones wiet, ek en Minee' het albei swart velle en ons word gaoordeel aan ons velkleur.

Tant Wonnie het dit als gehoor en gedink: 'n Mens steel nie met die kleur van jou vel nie, maar jy vergeef as jy vergeef wil word. So hý is die dief wat die trouring gasteel en verkoop het. En sy vrou dink hy sal nooit so iets doen nie. Die ring gasteel wat sy moeder aan haar vinger gedra het? Dit wys jou net liefde kan goed wees en liefde kan sleg wees en albei kan opregte liefde wees.

Vir die laaste maal sê ek: Een sjieling of gee pad voor my perd!

Stoffel Jones het geskree, want hy was nou al behoorlik kwaad. Toe haal Tant Wonnie 'n sjieling uit haar roksak en gee dit vir hom. Hier is 'n sjieling, Meneer Jones, sê sy. Laat hulle opklim.

(i) Met verwysing na hierdie uittreksel, bespreek die persoonlikhede van Tant Wonnie en Mevrou September en hul verhouding met mekaar.

(ii) Dink jy daar is 'opregte liefde' in hierdie roman? Staaf jou antwoord met voorbeelde uit die boek.

Of:

(b) 'Die stories in *Vatmaar* wys dat die mens net waarlik 'n mens is binne 'n gemeenskap.'

Stem jy saam met hierdie stelling? Verduidelik hoekom, en ondersteun jou antwoord met spesifieke voorbeelde uit die teks.

Section 2

4 *Bonga*, Elsa Joubert

Of:

- (a) Verduidelik hoe Inacia Maria se karakter deur die loop van die boek ontwikkel. Fokus op haar interaksie met verskillende mense en plekke rondom haar, en haar verhouding met godsdiens.

Of:

- (b) 'Almal is vreemdelinge in *Bonga*.' Bespreek hierdie stelling.

5 *Kringe in 'n bos*, Dalene Matthee

Of:

- (a) 'Minute later loop Saul Barnard die Bos in en dit voel vir hom hy loop agteruit in homself in.'

Bespreek die belang van die Bos in die verhaal, met spesifieke verwysing na die betekenis wat dit vir sy bewoners en spesifiek vir Saul inhou.

Of:

- (b) Waarom sê Maska dat Oupoot die 'dier-broer' van Saul is? Bespreek met verwysings na die verhaal.

6 *Lied van die Vallei*, Athol Fugard

Of:

- (a) Verduidelik kortliks die redes waarom Buks 'n kruiwavol groente vir Die Skrywer neem. Wat vertel Die Skrywer se reaksie op die geskenk ons van sy karakter en drome?

Of:

- (b) Het *Lied van die Vallei* 'n spesifiek Suid-Afrikaanse, politieke boodskap, of handel dit eerder oor universele verhoudings tussen generasies? Of dink jy dit is 'n kombinasie van beide? Motiveer jou argument met voorbeelde uit die teks.